



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124

STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-09-18

Liewe Ouers



Baie dankie aan almal wat die konsert bygewoon het en al die goeie terugvoerings wat ons ontvang het. Ek is seker die kleuters het nou so baie selfvertroue dat hulle reg is vir enigiets wat na hulle kant toe gegooi word!

Dankie ook vir al die bydraes en hulp met die dekor. 'n Spesiale dankie aan ons ouerkomiteede wat die springmielies verskaf en gespring het en in pakkies opgemaak het! Dit was 'n baie vindingryke gebaar! Dankie ook vir die afhaal van die pizza's en die koeldrank. Ons waardeer julle bereidwilligheid.

AANTREK DAG: DINSDAG 22 SEPTEMBER

Om by die tema's van die RR-kleuters volgende week en die R-kleuters hierdie week aan te pas, gaan ons op Dinsdag 22 September eg Suid-Afrikaans aantrek. Ons verwag glad nie van ouers om uitgawes aan te gaan nie, dus sal 'n Springbok ondersteuners hempie ook reg wees. Vir die meer kreatiewe ouers, kan daar ook soos Xhosas, Zoeloes of Sothos aangetrek word.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:

TYD

Ons persepsies:

Getal:

Hersiening

Klank:

Hersiening

Maandag 21 September: Ons maak 'n horlosie

Dinsdag 22 September: **Ons trek eg Suid-Afrikaans aan om Erfenisdag te vier!**

Woensdag 23 September: **Skool sluit om 10:00. Rapporte kan tussen 07:00 en 10:00 by die hek afgehaal word.**

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **SUID-AFRIKA**

Ons persepsies is:	Getal:	10
	Klank:	k-klank
	Vorm:	Hersiening
	Kleur:	Hersiening

Maandag 21 September: Ons maak 'n horlosie

Dinsdag 22 September: ***Ons trek eg Suid-Afrikaans aan om Erfenisdag te vier!***

Woensdag 23 September: ***Skool sluit om 10:00. Rapporte kan tussen 07:00 en 10:00 by die hek afgehaal word.***

Geniet die naweek en geniet die rus na die besige konsertweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel